

BEZONKEN ROOD – Jeroen Brouwers

P20.

Hoe het dit gekom dat ek is soos wat ek is?

Die eerste dae na my ma se dood het ek aan haar én aan Liza gedink, soms oorstelp deur gevoel, ander kere emosieloos, en met dieselfde heftigheid: met daarby dan ook nog 'n weersin in die verdriet oor die een, en verliefdheid op die ander, en soms met albei hierdie gevoelens gelyktydig. Hierdie gedagtes en emosies irriteer my en maak my bang – dit hinder my in my werk (ek skryf 'n boek oor selfmoord in die Nederlandse literatuur, ek werk aan die hoofstuk oor die Nederlandse skrywer en selfdoder Jakob Hiegentlich), wanneer ek eet (ek kry niks afgesluk nie omdat ek aanhoudend sug) en ook in my slaap (ek droom van albei vroue, soms op dieselfde oomblik, in dieselfde droom).

Los my net uit. Ek is nie hier nie. Moenie iets van my verwag nie. Ek *voel* niks, en ek *wil* niks voel nie.

In die mis. Bewerig geskryf. Die dood kan my nie skeel nie. Die lewe traak my nie. Laat my ook maar net eensaam sterf – wat maak dit in hemelsnaam saak?

In hierdie tyd, in die stilte van my huis druk ek soms die gehoorstuk van die telefoon teen my oor en roep so hard as wat ek kan teenoor die zoemgeluid: “Kwaak kwaak!”

*

Ek het my ouers skaars geken, ook dit het ek al tevore opgeteken; die opruiming van my eie lewe is byna op sy einde, binnekort is my werk voltooi. Ek wil nie maak of ek meer sinies is as wat ek is nie, en beslis ook nie sentimenteler nie – maar in elk geval het ek my ma destyds wél geken, in die oorlogsjare in die Japannese strafkamp, daar waar sy my leer lees het.

Die plek se naam was Tjideng. Dit was die kamp onder bevel van die alom gevreesde Japannese kaptein Kenitji Sone; in 1946 is hy as oorlogsmisdadiger tereggestel; ek onthou hom. Hy het my ma persoonlik afgeransel en dit het ek met my eie oë gesien.

“Sy was koninklik.” “Hulle het haar geslaan totdat sy vir dood bly lê het.” “My ma was die mooiste ma – op daardie oomblik het ek opgehou om haar lief te hê.” So het ek dit neergeskryf, net soos ek ook geskryf het: “Wanneer sy binnekort sterf, gaan ek nie saam om haar te begrawe nie.”

Die vrouekamp waarheen ook die seuntjies onder tien geneem is, en ek met my ouma, my ma en my suster gebly het, was ’n afgekampte deel van Batavia, omring met rietmure, wagtoringe en doringdraad. In die baksteenhuise het die duisende geïnterneerde Europese vroue met hulle kinders op met liniaal-afgemete oppervlaktes van enkele meters geleef; wat hulle bereid was om indien nodig, met hulle lewens te verdedig. Ook die vensterbanke van die huise is bewoon, so ook die drumpels, en elke afsonderlike trappie; die stoepe, die gange, selfs die lug in die huise is bewoon – diegene wat ’n hangmat besit het, het tussen die ewig-aanwesige waslyne met grillerige, verslete klere gebly.

In een van die huise, Tjitaroeweg 7, het ons saam met nog ’n tiental ander mense in die kombuis gewoon. My ma het op die werkoppervlak van die wasbak geslaap; ek, my ouma en my suster het binne-in die wasbak se kassie geslaap; my ouma op die plank wat dit in ’n bo- en onderkant verdeel, ek en my suster op die grondvloer onder my ouma.

Die honger, die siektes, die lyding, die dood. En al die baie ander dinge.

Die geskiedenis van die Japannese kampe dreig om vergete te raak, want wie dit beleef het, het geswyg, en wie die swye deurbreek het, was te laat: want hulle verontwaardiging en haat was toe al versag en het selfs al verdwyn: nadat hulle reeds die dood van mildheid gesterf het.

Ek het niks anders beleef as die ander wat hierdie hel oorleef en later daarvoor met ’n klank van *vertedering* en selfs met *heimwee* gepraat het nie. Sodat die buitestaander ook hierdeur die indruk kon kry van: “dat dit alles dan tog nie so erg kon gewees het nie.” Dit wat oor die Japannese kampe geskryf is, is swak en bestaan hoofsaaklik uit relativering, uit vrees vir huilerigheid en patos.

Helaas, ek kan ook nie die ware kampgeskiedenis skryf nie, al het ek ook my Tjideng ervaar – ek deins nie terug vir patos nie en skaam my nie vir tranes nie, maar ek was daardie tyd ’n egoïstiese lewenslustige kleuter, ek het nie honger gely nie (want my ma, die vriendelike pelikaan, het my aan háár rantsoen laat saameet.) Ek was nie siek nie, ek het nie gely nie. Ek het my eie herinneringe aan die dood in die kampe, en van baie ander dinge,

maar ek het nouliks die reg om daarvoor te praat. Ek bring dit hier ter sprake om 'n ander rede, sê maar op grond van die toonhoogte daarvan.

In 'n vierdelige werk met die titel *Onderdrukking en verzet. Nederland in oorlogstijd* word 'n veels te beknopte hoofstuk gewy aan “De Japanse bezetting van Indonesië” – deur die skrywer, D. M. G. Koch.

Ek lees: “In die berug-geworde Tjideng-kamp is tienduise vroue, waaronder die vrou en die dogter van die goewerneur-generaal opgesluit. “

Die Goewerneur-generaal ter sprake was meneer A. W. L. Tjarda van Starckenborgh Stachouwer – 'n naam soos 'n drieluik.

My ma was Henriette Maria Elisabeth van Maaren; sy was die ma van Jeroen Brouwers, en sy was in dieselfde Tjideng-kamp. Toe sy jare daarna bevry is, was sy nie meer wat sy was voor die gevangenisskap nie.

In dié tyd was sy vyf-, ses-, sewe en dertig jaar; sy was toe twaalf en 'n halfjaar getroud. Sy het drie seuns en 'n dogter gehad.

In dié tyd was haar man 'n krygsgevangene in Japan, haar oudste twee seuns was ouer as tien en in mannekampe êrens in Java (later het dit geblyk dat sy nooit geweet het waar haar man en oudste kinders was nie, en ook nie of hulle nog leef nie.)

My ouma, die ma van my ma, die eggenote van Die Grote Van Maaren, die komponis, was sieklik. Vir haar onthou ek uiteindelik maar net soos wat sy op die plank onder die wasbak gelê het, by die dag maerder en geler en met meer vlekke; en elke dag ook kouer, hoewel die son buite soos die hel sou wees en die hitte op jou neerstort. Ek en my sussie moes om die beurt snags by haar slaap om haar lyf warm te maak, maar sy het dit nie oorleef nie – net soos haar komponis het sy in die Japannese kamp gesterf.

En skielik verloor my ma toe ook nog haar enigste dogtertjie: sy kry buikloop en as gevolg van die gevaar vir besmetting word sy opgeneem in wat die “kamphospitaal” genoem is – met 'n groter kans om nie weer lewend daar uit te kom nie, as om gesond te word. (My sussie het herstel. Maar toe sy in 1945 ag jaar oud word, het die rokkie wat sy as vierjarige gedra het haar steeds gepas.)

Ook ek is weggeneem van my ma af, of eintlik, my ma is van my weggeneem – ek was vir haar die laaste wat sy uiteindelik nog oorgehad het – dit het ek nie geweet nie, nie tóe nie.

Dat die *allerlaaste* wat jy het, jou eie lewe is – dit moes vir my ma van minder belang gewees het. En ek, ek het nog te kort geleef om te weet wat lewe is.

Dié periode was ook die tyd van die Japannese sielkundige folteringsmetodes in die Tjideng-kamp; altyd weer die onverwagte, herhaaldelike wegraping waartydens alle kinders van die manlike geslag, wat dus eintlik nie in die vrouekamp gehoor het nie, uit die huise gehaal en van hulle ma's geskei is. Die seuntjies, waarvan ek een was, is in 'n ry by die kamp uitgedril en êrens anders na toe geneem; soms vir dae lank terwyl daar in die vrouekamp gerugte versprei is dat hulle doodgeskiet is of met 'n skip weggevoer na een van die ander Indonesiese eilandgroepe waar daar glo 'n aparte kamp vir seuntjies onder tien sou wees – “die kinderkaravaan”.

Van hierdie ekspedisies onthou ek niks, behalwe herinneringe dat ons seuntjies maar ingespan is om êrens grasspriet tussen straatstene uit te trek, of dat daar takkies opgetel moes word of kakkerlakke en ander klein ongediertetjies gevang moes word – dat ons eintlik maar “kindertakies” moes verrig – maar ek sou ook kon onthou dat ek op die knie van 'n Japannese soldaat gesit het en 'n teugie van sy sigaret kon neem.

Wat ek in elk geval onthou, is dat ek van my ma weggeskeur is, soos 'n vrug wat nog nie ryp is aan die tak waaraan hy hang nie; nie gepluk nie, maar geruk – al die blare van die boom het onrustig daarvan geritsel.

In die kampjare het ek die verweerde tropehelm gedra wat eers my oupa s'n was. Getooi met dié hoofbedekking het ek deur die Tjideng-kamp geparadeer. Stap-stap-stap.

Wie êrens in die kamp 'n Japannees teëkom, moes op aandag gaan staan en buig – by hierdie verpligte eerbewys het ek vrywilliglik myne gevoeg: ek het met 'n wye swaai my hoed afgehaal en op kragtige stemtoon laat hoor: Tabé toean. As ek dit gedoen het wanneer ek hand aan hand met my ma loop, en saam met haar my kop voor die verbylopende Japannese soldaat na die stowwerige grondpad buig, het sy reageer deur my 'n woedende

pluk aan die arm te gee – of as die seremonie verby was, selfs ’n klap teen my kop sodat die helm deur die lug vlieg.

Aan daardie hoed, dobberend tussen die koppe van die ander seuntjies wat van hulle ma’s weggeneem is, kon my ma van ver af sien dat ek weer tussen die terugkerende kinders is. Daar is nie een keer dat ek nié tussen hulle was nie. Altyd, in toestande van chaos, verplasinge, appélle, die gedrang van lywe waartussen ek verlore geraak het, kon sy my, danksy die hoed, weer opspoor.

Ook vir my ma het ek wanneer ek haar teëkom, wanneer ons mekaar weer teruggevind het, my hoed gelig, Tabé njonja. Dit het nooit gebeur dat ek my ma my nie kon kry tussen die duisende vroue in die kamp nie, die duisende ma’s, waarvan maar net een van hulle myne was.

Alles wat gebeur het, het my onaangeraak gelaat. Tóé. Alles wat gebeur het, het plaasgevind met die vanselfsprekendheid waarmee ’n kleuterlewe eenvoudig net gebeur.

Wanneer daar weer so ’n klopjag was, en die seuntjieskaravaan in beweging kom, het ek ook van haar afskeid geneem deur my hoed vir my ma te lig. Ek onthou dat sy een van die kere nadat sy eers ’n ent langs die ry saamgeloop het om allerhande goed vir my te skree deur ’n Japannese soldaat voorgekeer is en sy op aandag en doodstil langs die kant van die pad moes bly staan. Ek hoor nou nog wat sy vir my skreeu: dat ek *versigtig* moet wees, dat ek moet sorg om terug te kom na haar toe, dat ek nie my naamplaatjie moet verloor nie. Terselfdertyd sien ek haar ook nog staan met die man langs haar, die geweer met gevelde bajonet wat hy uitgesteek na haar hou; sy is so maer dat dit lyk asof sy ’n geraamte is, met vel oorgetrek – in 1945 het sy veertig kilogram geweeg – sy het ’n geskeurde rok aan, sy het ’n blommetjiesdoek om haar kop, uit skaamte, om te verberg dat die kampbewakers haar kaalgeskeer het.

Ek sien ook nog myself. Wat ek toe aangehad het: ’n wye gewaad met groot rooi, blou en pers balle daarop – ’n kledingstuk wat ek die hele tyd in die kamp gedra het en wat ek nou, dit weet ek, beslis sou herken as ek dit sou moes soek in ’n rommelhoop van verslete klere so hoog as die hoogste berg in Java. Meer as hierdie gedoente (in Maleisies heet dit “tjelana monjet”, “’n apebroek”) het ek nie aangehad nie, nie onderklere nie, niks aan my voete nie. Maar darem die hoed met die reuse omtrek van my oupa se kop, sodat ek met my hele kop in die bol daarvan kon woon. Met elke tree wat ek loop, het die afstand tussen my en my ma groter geword en uiteindelik het sy weggeraak; die ry met seuntjies het om die

straathoek verdwyn en die rietpoort van die kamp is gesluit – maar voordat sy kon verdwyn, het ek my hoed afgehaal om vir haar daarmee te waai. Dag, da-aag, tabé Mamma!

Toe het dit begin, nou byna veertig jaar gelede, dat ek en my ma, vir so lank as wat ons mekaar nog sou sien en elke keer weer tot siens moet sê, die afskeid beseël met ’n bepaalde Maleisiese seënwens. As seuntjie van vier of vyf, terwyl ek nog ’n keer omkyk na my ma wat agtergebly het aan die kant van die pad en ek self deur die ander voortgedruk en meegeleur is, het ek my hoed afgehaal en so hard as wat ek kan vir haar geskree: Ketemoe lagi Mamma!

Die woorde “ketemoe lagi” het ek by ons baboe, ons kinderoppasser, Ithi gehoor toe sy huilend afskeid neem van my ma voordat sy verdwyn het in die vragmotor wat haar en haar jongste kinders na ’n kamp sou neem.

Op my ma se gesig verskyn daar eers ’n trek van verbasing toe sy my daardie woorde na haar hoor roep – heeltemal te plegtig en te parmantig-klinkend uit die mond van ’n kleuter – maar toe lag sy, sodat ek vir die res van my lewe sou weet: wanneer ek “ketemoe lagi” sê, sou sy nie anders kan as om te lag ne.

Hierdie woorde beteken baie meer as tot siens – dit beteken: “mag dit goed gaan, of wees gelukkig waar jy is, waar jy heengaan of oorbly.”

Dit het heilige, onheilsbeswerende kodewoorde geword tussen my en my ma wat tot ’n paar jaar voor haar dood honderde kere van mekaar sou bly afskeid neem, omdat ons albei soos die wind was wat net af en toe kom neerstryk het; wat voortdurend iewers vandaan kom en op pad is na elders – en tot die laaste kere wat ons hierdie woorde vir mekaar gesê het, het ons gelag, al was dit maar net met ons oë. Al sou dit beter gewees het as ons uiteindelik één keer gehuil het daarby.

*

Nou, dieselfde verhaal, op ’n ander toonhoogte:

Ná die oorlog, toe ons na Nederland gerepatricëer is, verdwyn ek feitlik vir die res van my kinder- en jongmenstyd in kosskole wat deur kloosterlinge beheer is – want my kamp-ervarings en ander gebeurtenisse in die ná-oorlogse Indonesië het my “laat verwilder”, my

“lewenshouding” was “immoreel”, ek het nie ’n “aanvoeling” gehad vir “reg” en “verkeerd” nie, en ek het geen gesag erken nie.

(Inderdaad was ek in dié tyd oneindig gelukkig: nooit bang nie, het ek nooit ’n gebrek aan selfvertroue gehad nie, was ek nooit verdrietig nie.

Hulle moes my so te laat voortgaan het; ek sou ten minste tot pous of eerste minister gevorder het en my ouers sou *trots* op my gewees het.)

Wanneer ek by die kosskool besorg word, dra my ma ’n grys, sombrero-agtige hoed met ’n sluiertjie wat die hele tyd op die rand van die hoed bly lê, maar wat oor haar gesig val wanneer sy afbuig om my ’n afskeidssoen op die mond te gee – hierdie “voorval” is veelbetekenend vir die res van my lewe: ons sou mekaar steeds deur ’n traliewerk van spinnerakke soen.

Die tralies tussen my en die verraderlikheid van vroue het nooit weer gewyk nie – my haat teenoor ma’s sou van toe af my lewenshouding kenmerk.

Dat ek gehoorsaam moes wees, dat ek oor vyf weke vir ’n naweek huis toe kon kom en dat die vyf weke somer in ’n japtrap verby sou wees; dat ek my lêertjie met belangrike persoonlike dokumente (“doopbewys”, “bewys van Nederlandse burgerskap”, koffiekoepons, suikerkoepons) nie moes verloor nie.

Ketemoelagi Mamma!

Ek kry my plek in die ry van die ander kosskoolleerlinge wat teen my vasloop wanneer die bevel gegee word en ek te laat is om dit te snap – ek kyk na my ma: aan die rand van die speelgrond, onder die kastaiingbome, soos waarskynlik by alle speelterreine van kosskoolkinders, praat sy laggend, (soos wat net sy kon lag) ’n paar woorde met die kloosterling wat die bevel om te loop, gegee het. Die kloosterling het ’n meterlange rosekrans aan die koord om sy middel. Ek kan my indink dat daar driftige houes met so ’n rosekrans uitgedeel kan word. Ek verstaan eintlik nie wat die verskil is tussen ’n Japannese kampbewaker en so ’n kloosterling nie. Ek begryp ook nie die verskil tussen hierdie ry waarin ek tóé begin te loop het, in die jaar 1950 – ek het intussen tien geword – en die ry waarin ek minder as vyf jaar tevore ook geloop het nie. Ook weg van my ma af – maar toe nog met die hoed op my kop waaraan sy my onmiddellik tussen die ander seuntjies kon herken. Terwyl ek nou nie meer die hoed dra nie en ek aan haar oë wat soekend met die ry

afgaan, kan sien dat sy my nie meer raaksien tussen die ander nie. Maar ek begryp die verskil tussen hierdie ma en die ma van vyf jaar gelede: *hierdie* ma het my verrai.

Hoekom het hulle haar nie doodgeslaan in die Japannese kamp nie?

Jaar in en jaar uit neem ek en my ma op winderige perrons afskeid van mekaar, terwyl die trein met skreeuende remme tot stilstand kom, terwyl die trein onder die stasie se dak vandaan die donker in ry en dan onmiddellik om 'n draai gaan – sodat my ma wat met 'n sakdoekie staan en waai, net so skielik agter die geratel van die wiele verdwyn.

Ons roep mekaar iets toe wat niemand anders begryp nie.

Ons lag.

Ek laat my nie ken nie.

Soos die eiewyse mannetjie in *Daantjie gaan op reis*.

Met opmerkings [CLR1]: My invoeging ter wile van Afrikaanse lesers wat nie weet dit is 'n kinderboek nie.

Later jare neem my ma my nie meer stasie toe nie. My ouers het ingetrek in 'n huis teen die spoor waar die trein verbyry. Uit die trein kan ek, vir minder as 'n sekonde, my ma op die boonste verdieping by die verligte venster met 'n handdoek sien staan en waai – maar ek kyk nie eens op daarvoor nie; ek sit en lees.

Laat sy maar sterf, dié vroumens– wat haar sentimentele gewete kon sus deur op 'n steeds groter wordende afstand met 'n ál groter wordende stuk lap na my te waai.

Tussen die skoon wasgoed in my koffer het sy kilogramsakkies toffies, pakkies met koekies en stukke sjokolade gepak – net soos ek wat later niks anders kon bedink om tot my kinders uit my eerste huwelik waaruit ek weggeloop het, se harte te probeer deurdring, behalwe om vir hulle banknote te gee nie – voordat hulle, goddank, weer vir 'n paar maande uit my lewe verdwyn.

Waar, wanneer, by wie moes ek dit leer: “om iets te voel”?

Vir my was my ma teen daardie tyd reeds dood, van toe af het ek eintlik nooit meer met gevoel aan haar gedink nie.

Elke jaar teen haar verjaardag het ek 'n bedrag in haar bankrekening betaal, en dit was dit.

Die toffies het ek vir haar terugbetaal; en vir dat sy my leer lees het, het ek terugbetaal deur self boeke te skryf wat sy sou kon lees, maar soos wat sy, tereg, my nie durf bedank het vir die geld wat ek haar gestuur het nie, so het sy nooit 'n enkele volsin wat ek ooit geskryf het gelees nie, en dit was dan ook maar dit. Sy't liewer blokkiesraaisels ingevul; ek het haar nooit daarvoor verwyt nie.

Al daardie afskeidnemery het gemaak dat ek en my ma uiteindelik permanent 'n slegte verhouding sou hê en ek het geleer om te leef met die traliewerk tussen my en haar, en tussen my en ander. My liefde het ophou bestaan.

Toe my ma sterf, het ek gevra dat my naam nie in die doodsberig tussen dié van haar ander kinders genoem word nie. Ja, sy was my ma, maar sy was ook nié my ma nie. Sy was in my lewe soos die wind wat ek soms teen my gevoel het, maar verder nie dáár was nie.

Die aand toe sy sterf, moes sy my gebel het. Miskien sou ek na haar toe gery het as sy my gevra het. Miskien sou ek vir haar 'n toebroodjie met kaas gemaak het, en miskien sou ek, toe sy van die bank afval, haar in my arms gevang het, en miskien . . .

Maar dit is nie hoe dit gebeur het nie, soos wat daar nou maar eenmaal so baie dinge nie gebeur nie, terwyl daar in die plek daarvan iets anders gebeur.

Fok haar.

Ek bedoel: Fok alle ma's ooit.
